# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (12/17)

(Volg my op Twitter justchad_cga)

*Justin Chadwick 7 April 2017*

***"There is only one legend. That's me" Roberto Duran***

## VERANDERINGE BY DIE SITRUS GRONDVESBLOK

Alhoewel baie produsente bewus is van die belangriheid van die Sitrus Grondvesblok (CFB) – is dit belangrik om erkenning te gee aan die ongelooflike werk wat deur die CFB Bestuurder, Thys du Toit, gedoen is. Ek het die voorreg gehad om die CFB 'n paar keer te besoek; en elke keer was ek verstom deur Thys se aandag aan detail en die trots wat hy in sy fasiliteit gewys het. Elke sitrusboom in Suider-Afrika het sy oorsprong van 'n ogie uit die CFB!! Dit is die kern van ons bedryf en die bewaker van die kern was die altyd teenwoordige (37 jaar !!) Thys du Toit. Die CRI (wat die CFB bestuur) het Thys se dienste vir solank as moontlik behou; maar die onvermydelike dag het aangebreek en Thys gaan die leisels oorhandig. Hy is nie verlore vir die bedryf nie en hy sal voortgaan in 'n nuwe rol (sien CRI vrystelling hieronder). Thys - ons groet jou en sê dankie vir jou lojale diens aan die bedryf. Ons verwelkom ook vir Jacolene Meyer in haar nuwe rol en wens haar alles van die beste toe in haar oorname - ek is seker sy sal aangaan waar Thys opgehou het en die CFB sal gaan van krag tot krag. Die CRI se vrystelling:

CRI is trots om aan te kondig dat **Jacolene Meyer** die Sitrus Gondvesblok bestuurder pos vanaf 1 Mei 2017 sal vul. Jacolene het 'n Meestersgraad in plant virologie, is 'n ou-bekende in CRI kringe, en spesifiek ook goed ervare met Skema-verwante aspekte. Jacolene het toepaslike ervaring in produksie, vermeerdering en diagnostiek in sitrus, piesang, aartappel en subtropiese gewasse. Jacolene, George en hul twee seuns trek eersdaags van Tzaneen na die Grondvesblok buite Uitenhage, en ons wens hulle welkom, asook alle seëninge saam met CRI. **Thys du Toit**, die Grondvesblok bestuurder sedert 1980, sal sy diens aan CRI en die sitrusbedryf as Sitrus Verbeteringskema Kwekery Adviseur voortsit. Ons hartlike dank ook aan Thys vir die voortgesette diens en lojaliteit!

## EDWARD VORSTER: SITRUS LEGENDE (SOOS BY DIE CGA SITRUS SUMMIT AANGEBIED)

Scenario beplanners kyk na die faktore wat 'n rol in die toekoms sal speel. Die rol kan wees om waarde toe te voeg met 'n positiewe uitkoms of om waarde te verminder en dan die gevolglike negatiewe uitkoms. Die scenario beplanners koppel dan 'n gewig aan elk van hierdie faktore en bou dan 'n model wat die moontlike uitkomste voorspel. Dit definieer op die volgende uiterstes - 'n "high road" en 'n "low raod". Die faktor wat nie voorspelbaar is nie, is wanneer 'n persoon sy of haar hand opsteek om 'n positiewe uitkoms te verseker. Dit is wanneer 'n enkele persoon as 'n leier opstaan; ander oortuig om te volg, en die "high road" verseker ten spyte van die ander bydraende faktore. Ons het sulke mense in die sitrusbedryf. Ons is trots op hulle en ons vereer hulle met Legende Status.

Een van ons mede-produsente het homself onderskei deur 'n leeftyd van positiewe bydraes en invloed wat tot die "high road" 'resultate wat hierdie bedryf opgelewer het, bygedra het.

1) Vanaf 'n jong ouderdom was hy by sitrusboerdery betrokke.
2) Hy was 'n direkteur van die Suid-Afrikaanse Sitrusbeurs.
3) Hy was die Sitrus verteenwoordiger by die Suid-Afrikaanse Landbou-unie.
4) Hy was 'n stigterslid en direkteur van Houers Koöp.
5) Hy was 'n stigterslid en direkteur van Granor.
6) Hy was stigterslid en direkteur van die CGA.
7) Na die "swart swaan" in 2000, toe sitrusprodusente die nodige invloed oor die bemarking van hul vrugte verloor het en die vernietigende gevolge daarvan, het hierdie persoon die leiding geneem in die vorming van Sitrus Suid-Afrika. Die gevolg was die inligtingstelsels. Terme soos vaste prys onderhandelinge, minimum gewaarborgde pryse, gedeelde risiko en die weerhouding van sekere gehalte en tellings van vrugte uit die mark het hieruit gespruit. Die omkeer van die winsgewendheid van Sitrus was fenomenaal. Produsente voer nie meer blindelings uit nie.
8) Edward Vorster is nie net 'n MEGABOER nie, hy is ook 'n SITRUS LEGENDE.

DIE CGA GROEP VAN MAATSKAPPYE (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY EN CITRUS ACADEMY) WORD DEUR SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS